Geagte Studente en Ouers/Voogde

NUWE AMBAGSKWALIFIKASIE ARTIKEL 26 VERVANG VORIGE KWALIFIKASIE ARTIKEL 13

Sol-Tech het onlangs 'n skrywe vanaf die Departement Hoër Onderwys en Opleiding (DHET) aan studente en ouers uitgestuur waarin daar bekend gemaak was dat die vorige ambagskwalifikasie (artikel 13(12) en artikel 28(1)) wat deur die voormalige mannekragwet (*wet 56 van 1981*) (http://www.labour.gov.za/DOL/downloads/legislation/acts/skills-development-act/) gereguleer was, nou finaal amptelik deur artikel 26(D) van die SDA (*Skills Development Act no 97 van 1998, soos gewysig*) (http://www.labour.gov.za/DOL/legislation/acts/skills-development/skills-development-act-and-amendments) vanaf 01 Oktober 2013 vervang word.

In beginsel reguleer die nuwe SDA-wetgewing vaardigheidsopleiding (waarby ambagsopleiding ingelees word) tot dieselfde mate as wat die vorige mannekragwet dit in die verlede gedoen het. Sol-Tech het aanvaar dat die inligting wat ons tydens ope dae en deur middel van vorige korrespondensie oor die nuwe verwikkelinge met studente en ouers gekommunikeer het, voldoende sou wees om die DHET-dokument te verstaan. Klaarblyklik was hierdie 'n verskraalde aanname en bestaan daar tog verdere onuitgeklaarde onsekerhede ten opsigte van die moontlike implikasies van hierdie verandering. Dit word in hierdie skrywe verder toegelig en bespreek.

Die skrywe vanaf DHET wat aan u uitgestuur was, moet primêr teen die agtergrond van die SDA (*Skills Development Act, soos gewysig)* gelees, geïnterpreteer en vertolk word aangesien die SDA reeds sedert 1998 as wetgewing uitgevaardig was en in wese die ou mannekragwet as sodanig vervang het. Dis egter nie moontlik om die aard en omvang van die SDA in hierdie skrywe in volledige besonderhede teen die vorige mannekragwet te vergelyk of om al die toekomstige verwikkelinge wat nog uit die SDA-wetgewing moet voortvloei, in hierdie skrywe te bespreek nie en daarom word u ook aangemoedig om self verder daaroor te gaan oplees by die bogenoemde skakels wat verskaf is. Die aktiwiteite en rolle van die SETA's, die QCTO (Quality Council for Trades and Occupations) en NAMB (National Artisan Moderating Body) word onder andere breedvoerig in die SDA-dokument bespreek en verduidelik.

Dit is egter belangrik vir studente en ouers om te verstaan wat die status van die nuwe artikel 26 met betrekking tot die vorige artikel 13 kwalifikasie (*artikel 13(12) Wet 56 van 1981*) is en tot watter

Tel: 012 755 5687 | Faks: 086 658 8482 | E-pos: info@ajani.co.za | Web: www.ajani.co.za
Adres: 1662 Malie straat, Kirkney, Pretoria-Wes | Posadres: Ajani, Posbus 11760, Centurion, 0046
Direkteure: P.M. van Deventer, P.C. Minnaar, A.J. Vermaak (Uitvoerend)
AJANI (EDMS.) BPK
Registrasienommer: 2006/031889/07

mate dit studente se opleiding by Sol-Tech raak. Dit word deur middel van vraag-en-antwoord vervolgens bespreek.

Wat is die verskil tussen artikel 13 en artikel 28 van die ou wetgewing?

In kort kom dit daarop neer dat persone wat institusionele opleiding ontvang het en 'n vakleerling-kontrak binne die vasgestelde tydsraamwerk voltooi en 'n finale vaktoets geslaag het, 'n artikel 13 Rooiseël sertifikaat daarvoor ontvang het. Artikel 28 van die mannekragwet het voorsiening gemaak vir persone wat nooit 'n vakleerlingskap begin of voltooi het nie, maar op grond van jare se ervaring in die praktyk (sonder enige formele opleiding) wel die nodige kennis en vaardighede bekom het om 'n vaktoets te mag voltooi.

Wat is die verskil tussen artikel 13 van die vorige wet en artikel 26 van die nuwe wet?

Artikel 13 verwys na die mannekragwet en artikel 26 na die SDA. Dit beteken dus glad nie dat 13, 26 en 28 syfers op 'n skaal verteenwoordig waar 13 goed en 28 sleg is met 26 iewers tussenin nie. Die syfers 13, 28 en 26 is slegs die nommer van die spesifieke artikel of klousule in elke afsonderlike wetgewing wat ambagsopleiding en-kwalifikasie stipuleer en voorskryf. Die kurrikulum en leer-inhoude van die ambagte het ook hoegenaamd nie onder die nuwe wetgewing nie verander nie, hoewel die kritiese prestasieareas daarvan nou meer duidelik omskryf word sodat beide die opleidingsinstansie en werkgewers sekerheid het wat vakleerlinge se vaardighede behels. Studente moet onder die nuwe artikel 26 steeds 'n geregistreerde vakleerlingskap voltooi en binne die vasgestelde tydperk (soos in die verlede) die finale vaktoets suksesvol voltooi. Artikel 26 dra dus nie net dieselfde gewig as die vorige artikel 13 kwalifikasie nie, dit het ook 'n groter geloofwaardige nasionale eenvormige standaard. Die nuwe artikel 26 kwalifikasie is baie meer in lyn met internasionale neigings ten opsigte van gereguleerde gehalte-opleiding in skaars en kritiese vaardighede. Niks by Sol-Tech gaan verander nie en studente sal steeds volgehoue waarde vir geld ten opsigte van die opleiding ontvang.

Wie sien toe dat artikel 26 nie 'n substandaard kwalifikasie nie?

Sedert die totstandkoming van die SETA's het elke SETA hul eie werkgewers en opleidingsinstansies geakkrediteer en onder die SETA se logo die Rooiseël-kwalifikasie uitgereik. Elke SETA het self bykomende bepalings en detail van vereistes gestel waaraan studente moes voldoen om as

ambagslui te kwalifiseer. Hierdie proses is nou gewysig sodat alle finale goedkeurings vir die uitreik van die Rooiseël-kwalifikasie deur die QCTO gereguleer en deur NAMB geadministreer word. In praktyk beteken dit dat slegs een amptelike verteenwoordigende liggaam die kwaliteitskontrole van die opleiding en sertifisering voortaan sal uitoefen en een eenvormige sertifikaat sal uitreik. NAMB sal ook voortaan die liggaam wees wat aanbevelings maak en alle bestaande opleidingsentrums en vaktoetssentrums her-akkrediteer. Alle nuwe aansoeke vir akkreditasie sal ook deur hulle vir goedkeuring oorweeg word. Dit is weereens 'n groot verbetering op die vorige stelsel waar elke SETA in die verlede self hul eie akkreditasies behartig het. Alle opleidingsinstansies in Suid-Afrika sal dus verplig wees om aan al die spesifieke vereistes van NAMB te voldoen voordat enige akkreditasie toegestaan sal word. Vaktoetse gaan by al die geakkrediteerde sentrums soos gewoonlik voort met die afneem van toetse.

Is daar 'n verskuilde poging om die standaarde van opleiding te verlaag?

Die verwagting bestaan dat dit veel eerder die standaarde van ambagsopleiding gaan verbeter en verhoog aangesien ALLE persone wat die finale vaktoets (artikel 26) wil aanpak, vooraf breedvoerige bewyse daarvoor sal moet voorsien. Niemand kan meer net op grond van jare se ervaring alleen soos in die geval van artikel 28 'n vaktoets gaan skryf nie. Daar is ook drie pertinente prestasie-areas vasgestel naamlik voldoende teoretiese opleiding (N2 minimum), institusionele praktiese opleiding soos wat Sol-Tech dit tans verskaf, en voldoende blootstelling en ervaring in die praktyk soos wat Ajani tans doen wanneer hulle studente by goedgekeurde werkgewers plaas. Wanneer slegs een van die areas onvoldoende blyk te wees, moet die nodige opleiding en bewyse van opleiding eers formeel verwerf word voordat 'n persoon tot 'n formele vaktoets toegelaat sal word.

Wat het nou van artikel 28 geword?

Persone wat nie enige formele vakleerlingskappe voltooi het nie, maar steeds 'n vaktoets wil skryf, sal die RPL (Recognition of Prior Learning) roete volg en 'n volledige portefeulje van bewyse van vaardighede moet voorlê. Dit beteken dat 'n onafhanklike assessor die persoon se kennis en vaardighede vooraf prakties en teoreties sal evalueer en formele gaping-opleiding vasstel en voorskryf wat die persoon eers by 'n erkende instansie soos Sol-Tech sal moet deurloop en as bevoeg daarin gesertifiseer moet word. In wese sal hierdie persoon ook fisiese bevoegdheid in elke afsonderlike komponent van die kurrikulum (net soos 'n persoon wat 'n formele vakleerlingskap

Tel: 012 755 5687 | Faks: 086 658 8482 | E-pos: info@ajani.co.za | Web: www.ajani.co.za
Adres: 1662 Malie straat, Kirkney, Pretoria-Wes | Posadres: Ajani, Posbus 11760, Centurion, 0046
Direkteure: P.M. van Deventer, P.C. Minnaar, A.J. Vermaak (Uitvoerend)
AJANI (EDMS.) BPK
Registrasienommer: 2006/031889/07

voltooi het) moet bewys voordat hy/sy tot 'n vaktoets toegelaat sal word. In praktyk beteken dit ook dat hierdie persoon se opleiding oor 'n baie langer tydperk gaan verloop voordat die finale artikel 26 vaktoets aangepak mag word. Daar bestaan dus geen "kortpaadjies" om die nuwe kwalifikasie te verwerf nie, slegs deur bewys van volledige formeel omvattende opleiding kan studente toegang tot 'n finale artikel 26 vaktoets verkry.

Gaan maatskappye hierdie nuwe kwalifikasie aanvaar?

Aangesien dit reeds sedert 1998 as nasionale wetgewing uitgevaardig is, weet die meeste groot besighede en myne reeds daarvan en sal dit net soos adie vorige artikel 13 as gesaghebbend aanvaar. Die grootste deel van werkgewers is deesdae ook by die SETA's geakkrediteer en is deur korrespondensie vanaf die SETA proaktief oor die verandering ingelig. Indien maatskappye hulle aan enige vorm van diskriminasie skuldig maak wanneer persone met die nuwe kwalifikasie vir werk aansoek doen, sal dit onder die aandag van die QCTO en NAMB gebring word. NAMB is kragtens wetgewing verder verplig om 'n opgedateerde databasis van gekwalifiseerde ambagspersone by te hou waar werkgewers oor persone se kwalifikasies kan navraag doen. Ajani is ook reeds besig om korrespondensie met werkgewers te voer om hulle proaktief te herinner aan die wetgewing wat in werking getree het.

Gaan die kwalifikasie in die buiteland erken word?

Indien werkgewers in die buiteland kennis dra van die wetgewing wat in Suid-Afrika verander het, behoort daar geen rede te bestaan waarom dit nie erken sal word nie. In baie gevalle moet persone selfs nou reeds 'n kort vaardigheidstoets in die buiteland aflê voordat die persoon se vaardigheidskwalifikasie erken word. Die finale maatstaf sal altyd wees of die persoon in staat is om die fisiese vaardighede te kan lewer waarop die kwalifikasie aanspraak maak. Ambagsopleiding in Suid-Afrika het tot dusver baie goeie aansien in die buiteland en word hoog aangeskryf.

Moet studente steeds hulle N-kwalifikasies verwerf?

Tot tyd en wyl NAMB enige nuwe voorskrifte rondom die minimum teoretiese kwalifikasies mag opstel, voorskryf of wysig, geld die status quo en is studente steeds verplig om in alle gevalle die minimum van 'n N2 (4 vakke) kwalifikasie saam met al die ander vereistes te besit voordat hulle tot 'n vaktoets toegelaat sal word. Wiskunde bly ook steeds 'n verpligte vak.

Tel: 012 755 5687 | Faks: 086 658 8482 | E-pos: info@ajani.co.za | Web: www.ajani.co.za
Adres: 1662 Malie straat, Kirkney, Pretoria-Wes | Posadres: Ajani, Posbus 11760, Centurion, 0046
Direkteure: P.M. van Deventer, P.C. Minnaar, A.J. Vermaak (Uitvoerend)
AJANI (EDMS.) BPK
Registrasienommer: 2006/031889/07

Gaan die kwalifikasie steeds as ’n Rooiseël bekend staan?

Ons het nog nie die nuwe formaat van die sertifikaat gesien nie maar dit sal na alle waarskynlikheid steeds as ’n “Rooiseël” bekend staan. Dit is in wese dieselfde kwalifikasie as onder die vorige wetgewing, net nou onder nuwe wetgewing en ‘n nuwe formaat sertifikaat.

Gaan persone se sertifikate (Artikel 13 en 28) nou na artikel 26 omgeskakel kan word?

Nee, daar bestaan wel bespiegeling dat persone met ’n huidige artikel 28 kwalifikasie deur middel van die RPL-roete en bykomende formele gaping-opleiding die artikel 26 vaktoets sal kan gaan aflê, daar is nog hoegenaamd geen formele besluite hieroor geneem nie en mag dalk glad nie realiseer nie. NAMB ondersoek die kwessie en sal waarskynlik op ’n latere stadium riglyne en besluite hieroor bekendmaak.

Is daar ’n politieke agenda agter hierdie nuwe wetgewing?

Daar bestaan na die beste van ons wete nie enige politieke agenda nie, eerder om die landskap van vaardigheidsopleiding ooreenkomstig die SDA en SDSIII (Skills development Strategy 3) groter geloofwaardigheid te gee en om die stigma wat daar aan tegniese opleiding teenoor akademiese opleiding in die verlede gekleef het, uit die weg te ruim. Laastens om te verseker dat ambagslui daadwerklik tot die opheffing van ekonomiese vooruitgang in die land kan bydra en om die tafel vir loopbaanontwikkeling en lewenslange leer vir elke individu te dek.

Vriendelike groete
Andre Vermaak
Ajani: Uitvoerende Hoof

Tel: 012 755 5687 | Faks: 086 658 8482 | E-pos: info@ajani.co.za | Web: www.ajani.co.za
Adres: 1662 Malie straat, Kirkney, Pretoria-Wes | Posadres: Ajani, Posbus 11760, Centurion, 0046
Direkteure: P.M. van Deventer, P.C. Minnaar, A.J. Vermaak (Uitvoerend)
AJANI (EDMS.) BPK
Registrasienommer: 2006/031889/07